

Gereformeerde Kerk Bellville – 2 April 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 78:1, 2 (p. 390)

- 1 Merk op, my volk wat nou my roepstem hoor, / met ope hart en toegeneë oor!
Met wyse spreuke wil ek u vermaan, / wat waarheid is van vroegste tye af aan;
verborge goud wat net op koest'ring wag, / met stof bestrooi, haal ek weer voor die dag.
- 2 'n Wysheidswoord wat vloei uit diepe wel / – ons vaders het dit ons voorheen vertel –
sal ons laat hoor, en aan die stamverband / sal ons verhaal die wonders van Gods hand;
sodat ons kinders trou dit ná kan spur, / sy daad kan verkondig altyddeur.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 89:1, 6 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Gebed

Psalm 45:1, 10 (p. 230)

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.
- 10 Gee dan die Koning, groot van mag, / op jou en op jou skoonheid ag,
o weier nie: buig voor Hom neer; / Hy is jou Koning en jou HEER.

Skriflesing: Matteus 10:26-39; Romeine 10:5-17;
Heidelbergse Kategismus, Sondag 12:32

Kernvers: Matteus 10:32-33; Romeine 10:9-10

Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is.
(Matteus 10:32-33 AFR53)

As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.
(Romeine 10:9-10 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom 12:1; 1 Pet 2:5, 9; Open 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13; Gal 5:16, 17; Efes 6:11; 1 Tim 1:18, 19. (g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.

Tema: Christen, jy is gesalf tot 'n profeet van Jesus Christus

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, verlede Sondagaand het die gelowige in sy gesprek met sy vraagsteller gesê waarom hy 'n Christen genoem word. Hy het drie dinge genoem wat met hom gebeur het sodat hy die naam Christen kan dra. Ten eerste het hy daarop gewys dat hy 'n lid van Christus is. Dit wil sê, hy is deel van Christus se liggaam, want 'n mens kan net 'n Christen wees as hy in Christus verbind is. Ten tweede het hy daarop gewys dat hy deur die geloof 'n lid van Christus is. Slegs deur die ware geloof waarmee die Heilige Gees 'n mens in Christus inlyf kan 'n mens in Christus verbind wees. En ten derde lyf die Heilige Gees 'n mens so heg in Christus in met die geloof, dat daardie mens deel kry aan die salwing met die Heilige Gees.

Hierdie vraag, so het ons in die vorige gesprek gehoor, het veroorsaak dat die gelowige indringend na homself gekyk het. Maar nie net hy nie. Elke mens wat homself 'n Christen noem, moes saam met hom voor die Here seker maak dat hy die naam Christen dra nie net omdat dit 'n mooi naam is nie. Ons het agtergekom dat die gesprek met die ongelowige nie net meer gesprek is waarin 'n mens aan die ongelowige van Jesus Christus vertel nie. Hierdie vraag van die ongelowige dwing 'n Christen om seker te maak dat sy hele lewe sy naam as Christen bevestig.

Die vraagsteller het aandagtig geluister oor wat die gelowige hom in verband met die Naam Christus vertel het. Omdat die gelowige in sy laaste gesprek gewys het op die hegte band wat daar tussen hom en Christus is, sodat hy die naam Christen kan dra, het vraagsteller in sy gedagtes 'n paar lyne met mekaar verbind.

Hy sê vir die gelowige: Christus is mos Jesus se Ampsnaam, want die Vader het sy Seun Jesus bevestig in die amp as Christus. En tydens sy bevestiging het die Vader Jesus ook gesalf met die Heilige Gees sodat Hy Profeet, Hoëpriester en Koning vir die gelowiges kan wees. Dit is heeltemal korrek, antwoord die gelowige.

Die feit dat jou naam Christen afgelei word van die Naam Christus en die feit dat jy as lid van Christus deel het aan die salwing met die Heilige Gees, beteken dit dat jy dan ook in 'n amp is? Dit is inderdaad so, antwoord die gelowige. Ons gelowiges sê dat ons in die amp van die gelowige staan. Goed, sê die vraagsteller, beteken dit dat jy as Christen ook nou 'n profeet, priester en koning is? Dit is reg, ek is as Christen 'n profeet, priester en koning.

In die volle antwoord wat die gelowige aan die vraagsteller gee in Sondag 12 sien ons dat die gelowige deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel het aan die salwing met die Heilige Gees, sodat hy 'n profeet, priester en koning kan wees. Dit is een ding wat 'n mens as 'n gelowige baie goed moet onthou en raaksien. Die Here gee nie aan 'n mens iets net sodat die mens dit kan hê nie. 'n Mens word nie deur die ware geloof in Christus ingelyf net om nou veilig in 'n verhouding met Jesus Christus te wees nie. Die Here laat die gelowige ook nie net deel kry aan die salwing met die Heilige Gees sodat hy daarop kan roem dat hy die Heilige Gees ontvang het nie. Wat die Here ook al aan die mens gee, gee Hy sodat die mens self ook gelowig aan die werk kom.

Wanneer die Heilige Gees dan 'n mens met die ware geloof in Christus inlyf en hy deel kry aan die salwing met die Heilige Gees, het die gelowige 'n opdrag om uit te voer. Hy is 'n profeet, priester en koning in diens van Jesus Christus. Daarop vra die vraagsteller aan die gelowiges: Wat is dan jou opdrag as 'n profeet? My opdrag as 'n profeet, sê die gelowige, is om die Naam van Jesus te bely.

Broers, susters en kinders, hierdie profetiese opdrag wat die gelowige het – **om die Naam van Jesus te bely** – is so bondig dat die vraagsteller nie goed gaan verstaan nie. Daarom

moet die gelowige dit in baie meer detail verduidelik.

Met die Naam van Jesus bedoel die gelowige nie net dat hy die Naam Jesus moet sê nie. Ons weet teen hierdie tyd al dat wanneer daar van die Naam van God en Jesus gepraat word, bedoel ons nie net die letters wat die Naam van God en Jesus vorm nie. Met die Naam van God en Jesus bedoel ons eintlik alles wat God van Homself en sy Seun vir ons in die Woord openbaar. Dit gaan dus oor wie God en Jesus is en die werk wat God en Jesus doen.

Om te bely beteken in die Bybel om in die openbaar vir iets of iemand uit te kom. Om dus die Naam van God en Jesus te bely, beteken dat 'n gelowige in die openbaar sy mond sal oopmaak om aan ander mense te vertel wie God en Jesus werklik is. Onthou die werk van 'n profeet is om die Woord van God na mense toe te bring. Uit Jesus Christus se openbare optrede weet ons ook dat sy profetiese werk nie net sy woorde behels het nie. Hy het God in sy woorde en werke verklaar. Vir die Christen beteken dit dan dat hy ook met sy hele manier van lewe – met sy woorde en optrede – Jesus aan mense moet verkondig.

'n Voorwaarde om as Christen jou profetiese opdrag uit te voer, is dat jy in Jesus Christus moet glo, jy moet sy weldade met 'n ware geloof omhels, jy moet honger en dors na sy geregtigheid en jou voortdurend aan sy gesag onderwerp. Al drie daardie dinge wat die gelowige verlede week genoem het waarom hy 'n Christen genoem word, is dus belangrik om regtig 'n profeet van Jesus te wees.

Wanneer 'n mens dan in hierdie hegte verhouding met Christus leef, praat 'n mens daarvoor met ander mense. Waarvan die hart vol is, loop die mond mos van oor. Dit is wat Petrus en Johannes vir die Joodse Raad gesê het toe die Raad hulle verbied het om enigiets verder in die Naam van Jesus te verkondig. Hulle het gesê dat hulle nie kan stilbly oor wat hulle gesien en gehoor het nie (Hand 4:20).

Baie maal dink Christene dat hulle eers die Bybel op die punte van hulle vingers moet ken voordat hulle met iemand anders oor die Here praat. Dit is nie wat die Here van sy kinders verwag nie. Al weet jy nog net dat Jesus Christus die Verlosser is omdat die Heilige Gees jou tot bekering en geloof in Jesus gebring het, weet jy al genoeg om 'n gesprek met iemand te begin. Daarby is jy mos ook met die Heilige Gees gesalf. Hy rus jou toe en herinner jou aan die woorde en werke van Jesus. Vertrou die Heilige Gees en begin net met iemand gesels al klink jou eie woorde vir jou aan die begin simpel. Niemand doen enigiets van die begin af honderd persent reg nie. 'n Kind wat begin loop, gee nie van die eerste oomblik af groot stewige treë nie. Maar as hy nie begin om die eerste wankelrige treetjies te gee nie, gaan hy nie uiteindelik groot stewige treë gee nie. Wanneer Christene nie vir 'n eerste keer al sukkelende begin vertel van Jesus nie, sal hulle dit nooit doen nie.

Daar is baie gelowiges wat hulleself verwyt en berispe omdat hulle so min van Jesus vertel. Hulle is teleurgesteld in hulleself en skaam omdat hulle nie beter getuies van God se genade in Jesus Christus is nie. Maar as ek en jy altyd gaan stilbly, as ons geloof nie tot die oppervlak gaan kom in die belydenis van Jesus se Naam nie, as ons vrees vir mense en die gemeenskap heeltyd die oorhand gaan kry sodat ons stilbly, moet elkeen wat homself 'n Christen noem ernstig vra of hy regtig 'n Christen is.

Paulus het dit duidelik gemaak aan die Christene in Rome toe hy geskryf het:

As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding. (Romeine 10:9-10 AFR53)

Gelowiges vra hulleself dikwels af: Sal ek dit kan regkry om van Jesus te getuig? Dit is moontlik sê die Here. Let op wat staan in Romeine 10:8. Die woord is die Christen se mond en hart. Watter woord? Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig.

Om gered te word van God se oordeel en 'n mens se sonde is ware geloof nodig. Dit werk die Heilige Gees met die Woord in die hart van 'n sondaar. Ware geloof het dus met 'n mens se hart te doen. Dit is nie net 'n verstandelike instemming met die feite van die evangelie nie. Hierdie feite is die volgende:

- Deur die evangelie besef die mens dat hy 'n sondaar is en skuldig staan voor God.
- God het sy Seun gestuur en Jesus het in die plek van sondaars aan die kruis gesterf.
- God het Jesus uit die dood opgewek omdat Hy volmaak God se wil volbring het.
- Deur die opstanding het die Heilige Gees bevestig dat Jesus die Christus en die Here is.

Wanneer die Heilige Gees die sondaar se hart tref met hierdie feite van die evangelie kom daar 'n reaksie. Wanneer jy met jou hart glo – dit is weet en vertrou – dat Jesus Christus in jou plek die oordeel van God oor jou sondes gedra het, verander dit jou hart. Jy kan nie meer met jou lewe aangaan soos vroeër toe jy Jesus nog nie geken het nie. Die verandering in jou hart maak dat jy nou aan Jesus verkleef raak. As Hy jou nie verlos het nie, was jy steeds verlore. Daarom wy jy jou hele lewe aan Hom toe. Jy raak al meer en meer ontslae van die oorblywende sonde. Jy onderwerp jou aan Jesus, want Hy is jou Here – jou Eienaar. Jou lewenskoers het nou verander deur die geloof in Jesus Christus.

En die vrug van hierdie vaste geloof in Jesus Christus, is dat jy met jou mond bely. Christene word uit genade deur geloof in Jesus Christus gered. Ware geloof dra altyd vrugte wat pas by hierdie verlossing. Vir iemand wat as 'n volwassene tot bekering en geloof in Christus gekom het, is die eerste manier om Jesus se Naam te bely deur hom te laat doop. En dan om kragtens die belofte wat hy aan die Here maak 'n lewe te lei wat getuig dat hy Christus as sy Verlosser bely. Dit beteken dat hierdie Christen en elke ander een wat homself 'n Christen noem 'n lewe lei wat die Here tevrede stel – deur in gehoorsaamheid en liefde aan die Here te groei, deur Hom te vertrou in moeilike omstandighede en deur vir ander te vertel van die verlossing deur Jesus Christus.

Onthou wat Jesus vir sy dissipels gesê het. Hy stuur hulle soos skape tussen wolwe in. 'n Skaap het nie 'n kans tussen 'n trop wolwe nie. Maar die Here wil nie hê dat sy gelowiges vooraf die kans op 'n sukses bereken nie. Want waaraan meet 'n mens sukses wanneer dit kom by die verkondiging van Jesus se Naam? Seker aan hoeveel mense tot bekering en geloof in Christus kom. Maar die Here verwag nie dat enigeen van sy kinders iemand anders tot bekering en geloof moet bring nie, want dit is sy werk alleen. Die Heilige Gees bring mense met die evangelie tot bekering en geloof. Hy doen die oortuigingswerk. Die gelowige se werk is net om te getuig – net om te vertel van die genade in Jesus Christus.

Natuurlik bid 'n mens vooraf dat die Here aan jou die vrymoedigheid sal gee om sy opdrag uit te voer. En jy kan ook bid dat die Heilige Gees die hoorders ontvanklik sal maak vir die getuienis wat hy gaan lewer. Maar jy hoef nie aan die einde van die dag verslag te doen oor hoeveel tot bekering gekom het nie. Daarvoor sorg die Here self, want dit is sy eer om van sondaars gehoorsame gelowiges te maak.

Geliefdes, wanneer die Here 'n sondaar sy kind maak – wanneer hy in Christus ingelyf is en deel kry aan die Heilige Gees – verwag die Here dat daardie Christen sy Naam sal bely. Dit is immers waarvoor Hy die sondaar sy kind gemaak het. Daarom kan jy jouself nie 'n Christen noem wanneer jy weier om van Jesus te getuig nie. Geloof in Christus is nie so 'n private saak dat niemand ooit kan weet dat jy aan Hom behoort nie.

Vir Christene is dit 'n groot troos om te weet dat Jesus hulle Hoëpriester is en dat Hy voortdurend vir hulle by die Vader intree. Veral wanneer hulle vir die soveelste keer die Here bedroef het met hulle sondes. Die Here Jesus wil vir die gelowiges bid, maar as 'n gelowige nie kans sien om Jesus se Naam voor mense te bely nie, sien Hy ook nie kans om die gelowige se naam voor sy Vader te onthou nie.

Elke Christen kan male sonder tal opnoem en onthou waar hy nie kans gesien het om vir Jesus Christus uit te kom nie. Beteken dit nou dat die Here so 'n gelowige afgeskryf het en Hom nooit weer sal onthou voor sy Vader nie. Nee, dit is nie wat die Here vir ons in sy Woord leer nie. Hy roep telkens weer sy kinders tot bekering terug na Hom toe. Hy doen dit ook vanaand met hierdie verkondiging. Die Christen se verlossing is nie afhanklik van sy getuienis van Jesus nie. Sy verlossing is van Jesus Christus alleen afhanklik. En as hierdie verlossing vir hom 'n werklikheid is, sal hy nie kan stilbly oor Jesus nie.

Laat elkeen wat homself 'n Christen noem tot die Here bid en vra vir vrymoedigheid om vir die Naam van Jesus uit te kom. Onthou dat die Here Jesus belowe het om altyd by jou te wees deur sy Gees en Woord. Glo en vertrou Hom en doen waarvoor Hy jou kind van God gemaak het – wees 'n profeet van Jesus Christus.

Amen!

Slotgebed

Psalm 40:3, 5 (p. 205)

- 3 Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond / u wonders so oneindig ryk?
Wie is op aarde^oaan U gelyk? / Wie kan, o HEER, u grootheid ooit deurgrond?
Geen gawe^oof offerande, / gebring deur mensehande, / was ooit u wil of eis.
U het my oor deurboor, / dat ek u woord kan hoor / as hoogste dankbewys.
- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde^oen ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
2 April 2017